

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 30 Maart 2018 – Goeie Vrydag**

**Sing vooraf staande:** Psalm 22:1, 7 (p. 99)

- 1 My God, my God, waarom verlaat U my, / Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,  
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? / Op al my vrae  
kan ek van U, deur al my lydensdae, / geen antwoord kry; deur donker lydensnagte  
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte, / geen woord vir my.
  
- 7 Om my staan honde wat my wil bespring: / 'n bende skenders staan om my 'n kring.  
Hul staal het my deur hand en voet gedring. / Met welgevalle  
sien hul die skouspel aan wat, gans vervalle, / my vlees hul bied. My klere die verdeel hul;  
oor my gewaad werp hul die lot; so speel hul / met my verdriet.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE  
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe  
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit  
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 118:1, 13 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.  
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.  
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
  
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

**Gebed**

**Skrifberyming** 5-1:4, 6 (Sb 6)

- 4 Middagklare son word duister; / deur die duister noodgeskrei:  
"O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?"  
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.
  
- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,  
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: "Dit is volbring!"  
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.

**Skriflesing:** Johannes 19:17-37

**Kernverse:** Johannes 19:30a

**En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring!**  
(Johannes 19:30a AFR53)

**Tema:** Christus het die verlossingsopdrag volbring

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer jy maand na maand vir baie jare aan jou  
huis of motor afbetaal het, is daar niks so aangenaam soos om daardie laaste paaient  
te betaal nie. Sodra jy die laaste paaient betaal het, weet jy nou is dit klaar en jy skuld  
nie 'n sent meer nie. Niemand kan meer die huis of motor van jou terugeis nie. Jy is  
volwaardig die wettige eienaar daarvan.

Finansiële skuld is iets waarmee elkeen van ons op een of manier te doen kry. Dit verg goeie finansiële bestuur om nie bo jou vermoë in die skuld te beland nie. Ongelukkig gebeur dit ook met mense dat hulle weens verskeie omstandighede bykans in die skuld verdrink. Maar daar is maniere om ook hierdie dinge te bestuur sodat 'n mens weer solvent kan raak.

Daar is egter een soort skuld wat hoegenaamd nie deur 'n mens self uitgedelg kan word nie. Daar is ook geen mens op aarde wat in jou plek hierdie skuld kan vereffen nie. Buitendien is daar niemand wat kans sien om hierdie soort skuld in jou plek te betaal nie, want jy kan net met jou lewe hierdie skuld betaal. Eenvoudig gesê, jy moet sterf, want die skuld waarvan ons hier praat is die skuld wat alle mense teenoor die heilige God het as gevolg van hulle sonde teen die allerhoogste majesteit van God. Daar is werklik niemand wat kan sê dat hy nie skuldig staan voor die Here nie.

Ja, daar is mense wat onder die indruk verkeer dat hulle nie teenoor die Here skuld het nie. Maar hulle kan alleenlik so dink omdat hulle Hom nog nie ken nie en sy Woord nog nie ge-hoor het nie. Die feit dat hulle die Here en sy Woord nog nie ken nie, maak hulle egter nie onskuldig nie. Wanneer die Heilige Gees hulle oë en ore vir die stem van die Here oopmaak, sal hulle tot die besef kom dat ook hulle in die skuld is by God.

Daar is net een manier om van hierdie skuld vry te kom. Elkeen moet self sy skuld by die Here ten volle betaal of iemand anders moet dit in sy plek ten volle betaal. Die mens wat sy eie skuld betaal, sal dit slegs met die ewige dood kan betaal. Maar, en dit is die harde feit, so 'n mens sal nooit 'n stadium bereik dat hy kan sê sy skuld is volledig betaal nie. 'n Mens sal nooit die oneindige skande en skade wat jy die heilige God aangedoen het ooit met jou lewetjie ten volle kan betaal nie. Daarom sal die mens self die straf aan liggaam en siel vir sy skuld vir ewig moet dra.

Die Drie-enige God het in sy groot genade die enigste alternatief gegee. In plaas daarvan dat die mens self sy skuld ten volle betaal, is daar iemand anders – beslis nie 'n gewone mense nie – wat bereid is om mense se skuld ten volle te betaal. In die ewigheid het die Vader, Seun en Heilige Gees saam besluit dat die Seun as Middelaar sal optree vir die mense wat die Vader aan Hom gee. Die Seun het Homself ook bereid verklaar om hierdie mense se skuld ten volle te betaal. En in ons Skrifgedeelte se Jesus Christus self dat Hy dit gedoen het. Hy het die verlossingsopdrag, waaraan Hy saam met die Vader en die Heilige Gees beplan het, volledig uitgevoer.

Broers, susters en kinders, wanneer Jesus hierdie woorde *dit is volbring sê*, is dit al na drieur die Vrydagmiddag. Om daardie woorde te kon sê, het daar baie dinge vooraf gebeur wat 'n mens nie buite rekening kan laat nie. Die vorige aand het Jesus nog saam met sy dissipels die pasga gevier en het Hy die nagmaal by daardie geleentheid ingestel. Na die ander onderrig wat Jesus nog aan sy dissipels gegee het en na afloop van die gebed wat Hy vir hulle en sy kerk gebid het, is Hy saam met die dissipels na Getsemane. Daar het Hy nog alleen tot sy Vader ernstig gebid oor wat nog die volgende dag moes gebeur.

Kort nadat Hy in gebed geworstel het, is Hy deur 'n engel versterk. Toe hulle uit die tuin van Getsemane gekom het, het Judas Iskariot met die tempelpolisie daar opgedaag om Jesus gevange te neem. Die res van daardie nag is Jesus deur die een na die ander verhoor. Waar Hy ook al gekom het, is Hy gespot en gespoeg. In die vroeë oggendure is Hy nog deur die soldate gegees, want so het Pilatus gedink kan hy die Jode tevrede stel. Maar dit was vir hulle nie genoeg nie. Jesus moes gekruisig word. Hulle sal met niks

anders tevrede wees nie. Uiteindelik het Pilatus vir Jesus veroordeel en oorgelewer om gekruisig te word. Na die mishandeling wat Hy tot nou toe al ondergaan het, moes Jesus sy kruis na buite die stad dra na die aangewese plek – Golgota.

Die Heilige Gees wil ons deur Johannes goed laat verstaan dat die kruisdood van Jesus nie sommer net die Jode se wreedheid is wat te ver gegaan het nie. Niks het maar per ongeluk of, nog erger, toevallig gebeur nie. Alles wat met Jesus en rondom Hom daar op Golgota gebeur het, is deur die Drie-enige God besluit en beskik.

Vanaf vers 17 tot 30 word daar ses dinge genoem wat ons daarop wys dat Jesus se dood aan die kruis deur God so beplan is. Die mense wat Jesus veroordeel het, het Hom sy eie kruis laat dra. Dit was nie die hele kruis nie, maar die dwarsbalk waaraan sy hande vasgespyker sou word. Hierin word ons daarop gewys dat Jesus Homself aan sy Vader onderwerp om die verlossingsopdrag uit te voer. Hy het geweet wat met hierdie kruishout gaan gebeur wat Hy dra. Dit is soos toe Abraham die opdrag van God gekry het om sy seun, sy enigste seun, Isak, vir wie hy lief is moes gaan offer op die plek wat God hom sou aanwys. Isak, het sonder dat hy geweet het wat gaan gebeur sy pa gehoorsaam en die hout gedra waarop sy pa hom vasgebind sou neerlê om te offer.

Jesus moes die kruis na buite die stad dra waar die teregstellingsplek was. Hy gaan na Golgota omdat Hy onder die regverdige oordeel van God is oor die sondes van mense. Toe die Here aan Moses die voorskrifte in verband met die groot versoendag gegee het, het Hy ook gesê wat met die bul en bok moes gebeur nadat Aäron die bloed ter versoening van die volk se sonde in die allerheiligste deel van die tent ingebring het. Die karkasse van die bul en die bok moet buite die kamp verbrand word. Hierdie voorskrif was 'n vooruitwysing na wat met Jesus sou gebeur. Hy word uit die stad uit gebring om die volk deur sy eie bloed te heilig.

Jesus is saam met twee ander op Golgota gekruisig. Lukas vertel dat hulle twee misdadigers was. In hierdie gebeure word die profesie van Jesaja 53 vervul waarin gesê is dat Hy saam met die oortreders getel is. In die oë van die Jode wat haat gespoeg het, was Jesus vir hulle niks meer as 'n misdadiger wat die allerverskriklikste dood van 'n Godslasteraar verdien nie.

Selfs in die dinge wat daar by die kruis gebeur het wat onbenullig of doodgewoon gelyk het vir die soldate, is die beplanning vir Jesus se dood aan die kruis uitgevoer. Niemand het dit in die vier soldate se oor gefluister om Jesus se klere te verdeel en oor sy onderkleed te loot nie. Dit was die gebruik dat die soldate wat die teregstelling waarneem deel van hulle vergoeding kry uit die besittings van die gekruisigdes. Al Jesus se klere het hulle onder hulle verdeel, maar die onderkleed was aanmekaar geweef. Omdat hulle dit nie wou skeur nie, het hulle eerder geloot om te sien wie dit sal kry. Met hierdie daad het die soldate presies gedoen waarvan Dawid meer as 'n duisend jaar gelede in Psalm 22 geskryf het.

Jesus is van alle menswaardigheid gestroop deur hulle wat Hom veroordeel het. Net met 'n skamele kleedjie om sy onderlyf het Hy aan die kruis gehang sodat 'n mens sy bene kon tel. Na afloop van die drie ure duisternis waarin Hy die angste van die hel ondergaan het, het 'n ontsettende dors Hom beetgepak. Sy kragte was verdroog soos 'n potskerf en sy tong het aan sy verhemelte gekleef. En toe Hy sê dat Hy dors het, het die soldate uit

snaaksigheid vir Hom 'n spons vol asyn aan 'n hisopstingel omhoog gehou. Met die asyn kon sy keel nat word, sodat Hy nog hierdie woorde hoorbaar kon sê: **Dit is volbring!**

Laat ons vervolgens let op wat dit is wat volbring is. Wanneer Jesus hierdie woorde uiter, hang Hy nog aan die kruis. Daar is nog baie wat hierna moet gebeur. Hy moet nog sterf en begrawe word. Hy moet opgewek word en in die hemel opgeneem word vanwaar Hy met heerlijkheid sal terugkom. Wanneer Jesus sê: **Dit is volbring**, beteken dit nie dat Hy alles volledig gedoen het nie. Maar die oordeel, toorn en straf op die sonde van die menslike geslag het Hy volledig gedra. In daardie drie ure duisternis het Hy die oneindige groot toorn van God oor die sonde gedra. Maar nou is dit weer lig. Hy het die beker vol van God se oordeel tot die laaste druppel toe leeg gedrink. **Dit is volbring!** Hy het die volle prys vir die lewens van die uitverkorenes klaar betaal.

Die woorde *dit is volbring* is die oorwinningskreet. Satan het Jesus daar aan die kruis sien hang en selftevrede gedink dat hy die oorwinning behaal het. Maar dan sê Jesus met 'n harde stem: **Dit is volbring!** In daardie drie ure duisternis toe niemand iets kon sien nie, het die volle straf oor die sondes van die uitverkorenes op Christus afgekom. Hy het dit volledig gedra. Daarom kan Hy sê: **Dit is volbring!** Die straf is afgehandel. Die slang se kop is vermorsel. Daar is nou niks meer wat kan keer dat God die res van die verlossingsplan uitvoer nie.

Vir gelowiges is daar troos in hierdie woorde van Jesus. Die Drie-enige God het 'n verlossings-plan gehad en Hy het dit uitgevoer. Niemand was in staat om hierdie plan te ontspoor nie. En deur die eeue was daar baie pogings om dit te verongeluk. Maar God is almagtig. Wanneer Hy besluit het om iets te doen, doen Hy dit presies soos wat Hy beplan het. Christus het hierdie verlossingsopdrag saam beplan en Hy het dit volledig afgehandel. Wie dus sy vertrouwe in Jesus Christus en sy afgehandelde werk stel, mag weet en jubel – daar is geen veroordeling vir hom wat in Christus is nie.

Die helse smart en pyn wat die gelowige vir sy sondes regverdig verdien het, is deur Jesus Christus gedra. Daar bly vir die ware gelowige nie meer 'n hel oor nie. Jesus het die hel in jou plek deurgemaak. En toe Hy gesterf het, was sy siel by sy Vader in die hemel. Jesus het immers vir die een misdadiger wat tot bekering gekom het, gesê dat hy vandag saam met Jesus in die paradys sal wees.

Dit is uit die krag van Christus se dood aan die kruis dat die gelowige nog verdere troos kan put. Die gelowige kan verseker weet dat sy sondige natuur saam met Christus gekruisig is, gedood en begrawe is. Daarom kan sy sonde begeertes nie meer oor hom heers nie. Hy kan sy lewe geheel aan die Here toewy as 'n dankoffer. Die duiwel is ook oorwin. Ja, dit is so dat hy nog soos 'n brullende leeu rondloop en soek wie hy kan verskeur. Maar hy sal nooit weer sy kloue in die verlore kinders van God inslaan nie.

Dit wil nie sê dat 'n gelowige nie weer sal stuikel in die sonde nie. Nee, verlore kinders van God doen ongelukkig ook sonde waarmee hulle God ernstig vertoorn en die Heilige Gees bedroef. Alhoewel hulle nie die eintlike straf op die sonde ontvang nie, dra hulle die gevolge van hulle misdade. Maar die Here sal hulle nooit verlaat of in die steek laat nie. Christus het immers in hulle plek die volle straf op die sonde reeds gedra. Daarom kan en moet hulle in navolging van die Heilige Gees hulle skuld voor die Here bely en Hom om vergifnis smee. Die Heilige Gees sal hierdie verlore kinders keer op keer terugbring na die kruis van Jesus waar Hy die oorwinningskreet uitgeroep het: **Dit is volbring!**

Omdat Christus die verlossingsopdrag volledig afgehandel het, kan die gelowige wat gestruikel het in die sonde en sy skuld voor die Here bely het, uit hierdie oorwinning van Christus lewe. Moenie dat die duiwel of die wêreld jou ompraat om te dink dat die sonde wat jy gedoen het heeltemal te erg is dat God jou daarvoor sal vergewe. As Christus gesê het: **Dit is volbring** bedoel Hy dat Hy reeds die straf op daardie sonde in jou plek volledig gedra het. Daar is niks wat jy nog meer of by sy offer moet doen sodat jy vergifnis kan ontvang nie. Onthou dat die duiwel nie meer enigiets aan Christus self kan doen nie behalwe om Hom van sy eer te beroof.

Dit is Christus se eer om in gehoorsaamheid aan sy Vader die volle prys vir die uitverkorene se lewe te betaal. Net Hy kon dit doen, want Hy is ware en regverdige mens en tegelykertyd ook ware God. Wanneer die duiwel jou wysmaak dat jy nog iets by Christus se offer moet doen om vergifnis van God te kry, probeer hy dat jy met jou optrede om vergifnis te kry 'n streep deur Christus se oorwinningswoorde te trek. So probeer die duiwel maak dat ge-lowiges hulleself op die skouer klop en sê dat hulle saam met Christus hulle eie verlossing bewerk het. Moenie die storietjies van die duiwel glo nie. Onthou sondeskuld is iets wat jy in elk geval nooit self of gedeeltelik kon betaal nie.

Glo die Here Jesus wanneer Hy sê: **Dit is volbring!** Al wat jy behoort te doen is om opreg jou skuld te bely en die Here te vra om jou te vergewe. En in die geloof kan jy die vergifnis wat Hy op grond van Christus se offer aan jou skenk vir jouself aanneem. Leef dan uit die oorwinning van Christus deur jou lewe as 'n dankoffer aan Hom toe te wy.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (Sb 10)

- |   |  |   |   |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?<br>Gods uitverkore kind verklaag?<br>Waar is die mond wat durf verdoem<br>as God sy kind regverdig noem?         | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,<br>die dood vir ons gesterf het, ja,<br>wat, opgewek, in glorie sit<br>en altyddeur vir ons wil bid.  |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly<br>deur Hom vir wie ons leef en ly.<br>Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,<br>geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,<br>geen ding in tyd of ewigheid –<br>niks kan ons van Gods liefde skei<br>wat ewig-vas in Christus bly. |

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
30 Maart 2018